



Nozaziyetwa Mkhontwana, Nthabiseng Kelane, Mabatho Ledwaba, Selina Sebiane, Limakatso Makhetha, Puseletso Mofman en Puleng Dumbela sorg dat die kinders elke dag drie etes kry.



Ná skool staan die matrieks as mentors in om hul klasmaats en die gr. 11's met wiskunde en fisiese wetenskap te help. Bridgette Mamello Matlakala verduidelik hoe om 'n sekere wetenskapprobleem op te los.



Lefalatsa Justice Tshediso besig om 'n sekere wetenskapprobleem op te los vir 'n groep gr. 12-leerlinge wat ook by die skool.



Personeel van die Lenyora la Thuto-skool tree ook as toesighouers op. Mbulenlo Irvin Yangaphi (elektriese tegnologie), Mavis Sekhonyane (wiskunde), Liye Mophethe (opsigter), Tebello Maile (Engels), Lebohang Makhalemele (ingenieursgrafika en -ontwerp), Moleboheng Qhena (Sotho) en Kolisang Frank Mogotsi (ingenieursgrafika en -ontwerp).



Lekgwaba Malefetsane Daniel, Phindo Kennedy en Fani Clinton help mekaar met wiskunde.



Van die meisies wat in die skool se biblioteek oorslaap, lê ingeryg soos sardientjies. Maar hulle gee glad nie om om so te slaap nie. "As dit ons punte verbeter, hoekom nie?"



Die Lenyora la Thuto-skool in Botshabelo sowat 50 km van Bloemfontein. Pousetyd speel die kinders buite.

**S**ommer in die klasse lê die leerlinge op matrasse. Die seuns in die motorwerktuigkunde-klas en die meisies in die biblioteek.

Die kinders giggel en maak grappe met mekaar terwyl hulle in hul skoolbeddens lê.

Op die vraag of hulle omgee om op die grond tussen al hul klasmaats te slaap, kom dit opgewonde uit elkeen se mond: "Glad nie!"

"As dit is wat ons moet doen om ons punte te verbeter, is daar geen moeilikheid nie."

**Groot uitdagings, groter drome**  
TK Modupi, skoolhoof, sit breekbors agter sy lessenaar in sy kantoor.

Agter hom skitter die goudkleurige rame met foto's van hom, sy personeel en uitblinkerleerlinge.

Sy skoolhoof-trots.

Emmanuel Mofammere (19), Lenyora la Thuto se stermatriekleerling, sit langs die tafel.


Die skool se meesterbreine om die leerlinge se punte te verbeter in een vertrek.

"Ek is baie, baie trots op Emmanuel," sê Modupi.

Emmanuel glimlag skaam en kyk af na sy hande.

Maar wanneer hy gevra word oor sy plan om die skool se punte te verbeter, glinster Emmanuel se oë.

"Ek het net gedink dat ons iets moet doen, want ons kan nie dat



Ondanks verskeie uitdagings het die Lenyora la Thuto-skool in Botshabelo 'n rekord van 80% matrieks sal in hul pad staan om eers 80% punte te behaal nie. **Elsje du Toit** en **Mlungisi Louw** doen verslag.

ons omstandighede ons toekoms bepaal nie," sê hy.

Modupi frons ernstig wanneer hy byvoeg: "Ons omstandighede is moeilik. Ons het nie 'n koshuis nie, daarom moet ons improviseer," sê hy.

Vir sy 1 215 leerlinge het Modupi een doel voor oë: 'n 80%-matriekslaagsyfer aan die einde van die jaar.

"Dit is belangrik om die kinders by te staan. En om saam met hulle te droom. Want geen droom is te groot nie."

**Te min tyd vir studie**

Met sy 90%-gemiddeld is Emmanuel vasberade om sy klasmaats te help.

Hy is immers een van die Siyandisa-beurshouers wat onlangs

bederf is met groot geskenke, onder meer 'n Samsung-tablet, wat hom in sy voorbereiding vir die komende eksamen sal help.

"Die tyd wat dit die kinders neem om skool toe en huis toe te reis, is tyd wat ons vir studie kon gebruik het," sê hy.

Vandaar die idee dat hy Modupi gevra het dat die kinders by die skool kan oorslaap sodat hulle tot laat kan studeer.

Modupi was skepties.

"Ek het eers ingestem dat net die seuns by die skool kan slaap omdat ek bang was dat iets met die meisies sou gebeur," sê hy.

Binne 'n paar maande het die leerlinge se punte aansienlik verbeter.

"Ek kon nie anders nie as om in te stem dat die meisies ook





studie te doen. Hy is een van die slaap om sy punte te verbeter.



Trots op sy personeel en leerlinge. Trots op sy skool. TK Modupi, skoolhoof, in sy kantoor. Agter hom hang foto's van hom, sy personeel en sy sterleerlinge. Sy doelwit vanjaar is om 'n matriekslaagsyfer van 80% of meer te behaal en niks staan in sy pad om die leerlinge te help nie.



Die leerlinge help mekaar met 'n wiskundesom. Die leerlinge van die Lenyora la Thuto-skool in Botshabelo staan nie terug vir harde werk nie en sit meer as ekstra in om goeie punte einde vanjaar te behaal.

# ool maak matrieks



leerlinge van abelo besluit vanjaar goeie en fotograaf ag.



Emmanuel Mofammere het die blink plan beraam dat kinders by die skool oorslaap sodat hulle meer tyd aan hul studies kan bestee. Agter hom sit sy matriekklasmaats.

help word.”

Danksy sy en Emmanuel se geesdrif het die ouers ingestem.

### Vrywillige opoffering

Vir die 50 personeellede by die skool is dit belangrik dat die kinders tot die beste van hul vermoë ontwikkel word.

Daarom het Modupi nie gesukkel om sewe van sy personeellede te kry om in die aande te help toesig hou nie.

Maar net drie vroue, Mavis Sekhonyane, Moleboheng Qhena en Tebello Maile, asook die opsigter, Liye Mophethe, slaap by die kinders.

“Hoewel ek elke aand my gesin en my huis opoffer om die kinders te help, is dit absoluut die moeite werd,” sê Qhena, die skool se Sotho-onderwyser.

Maile stem saam met haar.

“Ons sien die verbetering en dit is wonderlik om te weet dat ons 'n aandeel daarin het,” sê sy.

Selfs die kombuispersoneel help om 'n blinker toekoms vir

## Skedule

Die skedule wat die kinders volg:

- 08:00 – 14:45: Gewone skooldag
- 15:00 - 17:00: Verpligte ekstra klasse vir alle leerlinge
- 18:00: Aandete
- 19:00 – 22:00: Groepwerk waar matrieks die jonger leerlinge mentor.
- 22:00: Slaaptyd

die kinders te verseker. Benewens die daaglikse middagete wat die kinders by die skool kry, kook hulle ook elke aandete en ontbyt vir die kinders.

Volgens Modupi gee elke ouer R150 ekstra wat genoeg is vir vier weke se ekstra kos vir die kinders.

“Die kinders kan 'n handvol raak, maar ek sal dit vir niks verruil nie,” sê Sekhonyane.

“Wanneer hulle eendag gevestigde sakelui en wetenskaplikes

is, kan ons sê dat ons 'n aandeel in hul sukses het.”

### Reik na die sterre

Die kinders se naskoolse skedule hou hulle elke aand tot 22:00 besig.

Maar leerlinge soos Emmanuel werk dikwels tot 01:00 omdat hy, benewens die groepwerk, nog selfstudie ook wil doen.

Siende dat hy 'n Siyandisa-beurshouer is, is hy nou 'n bietjie meer gerus oor sy toekoms ná skool.

“Dit help om te weet dat die (Siyandisa-)stigting my bystaan met die betaal van my studies.”

Nadat hy dié beurs losgeslaan het, het daar baie geleenthede op sy pad gekom. “Dis baie opwindend. Die stigting bring die geleenthede na my toe, ten spyte van my omstandighede.”

Hy het al voorlopige keuring van die Universiteit van die Witwatersrand en die Universiteit van die Vrystaat vir astrofisika en medies gekry.



“Maar my eintlike droom is om aan die Universiteit van Kaapstad astrofisika te studeer. Astronomie fassineer my baie.”

Hy hou nog duim vas om die finale groen lig van Ikeys te kry.

“Dit is my droom en my passie. En om dit te kan waar maak, sal ek ander in my skool aanspoor om ook hard te werk en 'n goeie toekoms vir hulself te verseker.”